

21 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 24
Fokusgedeelte: Matteus 5:8

Geseënd is die reines van hart

Die Here kom en jy gaan Hom sien! Dit is onmoontlik om die Here te sien en te bly lewe. Selfs Moses is nie toegelaat om Hom te sien nie. Slegs hy wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen valse eed aflê nie, kan die berg opgaan en in sy heiligdom staan (Ps 24). Daar bestaan geen mens wat so rein is dat Hy God kan sien nie.

Tog belowe Jesus dat dié wat rein van hart is, die Here sal sien. Hoe moet ons dit verstaan? Ons kan dit net verstaan deur mekaar te herinner dat Jesus Christus as mens volkome rein gelewe het. Deur die geloof in Hom kan 'n onrein mens rein gewas word en voor God verskyn. Alleen maar deur die bloed van Jesus Christus is dit moontlik om God te sien.

Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg nie. Om rein van hart te wees, impliseer dat dié wat deur Christus gereinig is, rein moet lewe. Die mens moet sorg dat sy hart, sy lewensentrum, rein is. Wat die hart van vol is, loop die mond immers van oor. Ons moet van binne skoon wees, sonder verborge agendas en dubbelhartigheid. Daarna moet dit in ons dae na vore kom.

Ons gaan die Here sien. Berei jou voor deur rein van hart te wees.

Sing: Psalm 15:1, 2

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)